

O Jerusalem, O Jerusalem!

“En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geweene” (Luk.19:41).

“Jerusalem, Jerusalem...hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ‘n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! (Matt. 23:37).

Waarom het Jesus oor Jerusalem geweene? Om te verstaan hoekom Hy oor dié stad só gevoel het, moet ‘n mens beseft dat Hy geweet het wat oor veertig jaar met die inwoners sou gebeur. As ‘n mens verder lees sien jy wat Hy voorspel het wat gaan gebeur:

“En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geweene en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande ‘n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie ” (Luk.19:41-44).

70 n.C. het die Romeinse soldate onder Titus, na ‘n 143 dae beleg, Jerusalem binnegeval en die stad verwoes. Die majestueuse tempel is met vuur verbrand en die hitte was so fel dat van die goudversierings gesmelt het. Daar word vertel dat fortuinsoekers die tempel klip vir klip afgebreek het om by die gesmelte goud in die krake uit te kom. Volgens Josephus, die geskiedskrywer, het hulle oor die 600,000 manne, vroue en kinders brutaal doodgemaak. Duisende is as slawe weggevoer om in Romeinse myne te gaan werk of om deur gladiators in arenas doodgemaak te word. Die res is oor die wêreld heen verban en teen die jaar 73n.C. het alle tekens van ‘n onafhanklike Joodse nasie en staat verdwyn. Jesus se voorspelling met wat met Jerusalem sou gebeur het letterlik waar gekom. Die hele stad is afgebrand en volgens Josephus het die vure ‘n maand later nog gesmeul. As gevolg van die verwerping van hul Messias is tot die fisiese simbool van God se teenwoordigheid afgebreek.

Vir meer as tweeduisend jaar het die Jode die wêreld rondgeswerwe terwyl hulle land Israel en hulle heilige stad in die beheer van heidene was. Met die verwoesting van Jerusalem en die verstrooiing van die Jode oor die wêreld, het dít wat deur die profeet Hosea voorspel is, ook letterlik tot vervulling gekom:

“My God sal hulle verwerp, omdat hulle na Hom nie geluister het nie, en hulle sal rondswerwe onder die nasies” (Hos.9:17).

Maar God het belowe dat Hy Israel weer uit die verstrooiing na hulle land sou terugbring (Jer.31:7-10).

Die bevryding van Jerusalem na eeue se Turkse oorheersing – 1917 Een van die mees wonderbaarlikste gebeurtenisse in die Geskiedenis!

God se belofte wat meer as 2600 jaar gelede deur die profeet Jesaja uitgespreek is:

“Want so het die HERE vir my gesê: Soos ‘n leeu en ‘n jong leeu knor oor sy prooi wanneer die volle getal herders teen hom bymekaareroep word, sonder dat hy skrik vir hulle stem of ingee vir hulle geraas—só sal die HERE van die leërske neerdaal om in die stryd uit te trek

teen die berg Sion en teen sy heuwel. Soos voëls wat fladder, so sal die HERE van die leërskaare Jerusalem beskut, beskut en red, verskoon en bevry” (Jes.31:4-5, my beklemtoning) is letterlik tussen 9 en 11 Desember, 1917 vervul.

Die Turke was vir eeue in beheer van Jerusalem en omdat hulle ’n bondgenoot van Duitsland gedurende die Eerste Wêreldoorlog was, het die Britse bevelvoerder, generaal Allenby die opdrag gekry om Jerusalem te bevry. Generaal Allenby het Dr.H.Aldersmith se boek “Fullness of Nations” wat in 1898 geskryf is, gelees en was beïndruk deur die stelling wat Dr. Aldersmith maak dat hy glo dat op grond van die profesie in **Jes.31:4-5**, Brittanje op een of ander manier betrokke sou wees by die bevryding van Jerusalem. Omdat die leeu die embleem van Brittanje is, het hy die verwysing na ’n leeu in die profesie met Engeland geassosieer. Die verwysing na soos voëls wat fladder het hom laat dink dat die bevryding deur een of ander vlieënde masjiene sou geskied. Aldersmith het tot hierdie slotsom gekom nog voor die Wright broers hul eerste vlug met ’n vliegtuig in 1903 onderneem het. Ten tye van sy verklaring was vliegtuie nog nie ontwerp en in algemene gebruik nie. In 1917 is vliegtuie gebruik om Jerusalem te bevry, maar nie op die konvensionele manier wat ’n mens sou dink nie. As Christen gelowige en uit respek vir die heilige stad, wou Generaal Allenby nie op Jerusalem en sy mense skiet nie. Toe hy van sy bevelvoerders raad vra hoe om dit reg te kry om Jerusalem in te neem sonder om bomme te gebruik, was hulle antwoord: “Bid.” Allenby het besluit om vliegtuie te gebruik om pamflette met die boodskap, “Gee Jerusalem oor, Generaal Allenby” in Arabies en Turks oor die stad uit te strooi. Vir die Moslems het dit gelyk of die bevel geteken is deur “Al Nabi” wat in Arabies “Profeet van God” beteken. Tot Allenby se verbasing het die Turke met ’n wit vlag die stad uitgekom en oorgegee, sonder dat daar ’n skoot afgevuur is. Generaal Allenby en sy magte het uit respek, met hoed in die hand, Jerusalem op 11 Desember, 1917, te voet binnegegaan terwyl hulle hul perde lei. Geen saluutskote of kanonne is afgevuur nie; net klokke is gelui. 973 jaar van Moslem oorheersing was verby. Daar was ’n Arabiese gesegde: “Die Turke sal nie Jerusalem verlaat totdat die Nyl in Palestina vloei en die Profeet hulle uit beveel nie.” Deur ’n sameloop van omstandighede is hierdie gesegde van die Arabiere ook bewaarheid. Die Britse troepe onder Luitenant Archibald Murray wat in Egipte gestasioneer was, het toestemming gekry om ’n pyllyn na Palestina aan te lê om vars water vanaf die Nyl na die troepe in Palestina te pomp. Teen 1917 het die water Palestina bereik. Die Nyl het snaaks genoeg toe letterlik in Palestina gevloei!

Die Totstandkoming van die Staat Israel

*“... Kyk, Ek bring hulle aan uit die Noordland en sal hulle bymekaar laat kom uit die agterhoeke van die aarde...almal saam; in ’n groot vergadering sal hulle terugkom hiernatoe...Hoor die woord van die HERE, o nasies, en verkondig in die kuslande wat ver is, en sê: **Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos ’n herder sy kudde (Jer 31:7-10, my beklemtoning).***

Na die verwoesting van Jerusalem in 70n.C. is die Jode oor die wêreld verstrooi en Israel het as soewereine land ophou bestaan. Na byna 2000 jaar het die onafhanklike staat Israel in 1948 weer wonderbaarlik tot stand gekom. Na die bevryding van Jerusalem van Turkse oorheersing het Palestina in 1923 ’n mandaatgebied onder Britse toesig geword.

Toe die Tweede Wêreldoorlog op sy intensste was, het Brittanje kort geraak aan asetoon, 'n bestanddeel nodig vir die vervaardiging van kordiet vir bomme en ammunisie. In hierdie kritiese situasie het Winston Churchill van die Joodse chemiese wetenskaplike, Dr. Chaim Weizmann van Manchester Universiteit gehoor wat asetoon uit graan kon vervaardig. Hy is opgekommandeer, met toerusting voorsien en hy het vir die Britse regering meer as 450,000 liter asetoon per jaar vervaardig. Weizmann is vir sy bydrae tot die Britse oorlogspoging beloon deurdat die Britse kabinet die Balfour Deklarasie waardeur Israel as 'n nasionale tuiste vir die Jode verklaar is, goedgekeur het. Op 17 Februarie, 1949, is Chaim Weizmann as die president van die eerste Joodse staat in 2000 jaar, ingesweer.

'n Britse staatsman, Sir Lloyd George, het later die volgende oor Weizman te sê gehad:

"Weizmann's name will rank with that of Nehemiah responsible for the fifth-century BC rebuilding and restoration of Jerusalem in the fascinating and inspiring story of the children of Israel."

Slotsom

Die vervulling van Bybelse profesieë is 'n belangrike bewys van die bestaan van God en die feit dat die Bybel deur Hom geïnspireer is. Ook wys dit dat God mag het om Sy eie soewereine plan met die wêreld en die mensdom uit te voer. Waarskuwings in Sy Woord oor wat met 'n sondige wêreld gaan gebeur moet dus ernstig opgeneem word en mense moet, terwyl daar nog tyd is, hulle tot Jesus Christus vir redding wend.

wikipedia.org/wiki/BattleofJerusalem

wikipedia.org/wiki/BattleofJerusalem

<http://www.cai.org/bible-studies/as-birds-flying>

www.winstonchurchill.org/publications/finest-hour/finest-hour-170/churchill-chaim-weizmann

Nick Maartens

0827826074

E-pos: nickmaartens@hotmail.com